

7 Julie 2013

**Skrifgedeelte: Psalm 78:17-29**

**Fokusgedeelte: Psalm 78:26**

### **Word sekerder in die geloof**

Die Here gebruik nie net sy mag oor die wind om vergeldingsdade mee uit te voer nie. Hy gebruik sy mag daarvoor ook om sy kinders te versorg, soos duidelik uit hierdie Psalm blyk.

By twee geleenthede tydens die woestynreis self word vir ons vertel dat die Here wind gebruik het om vir die honger volk vleis te gee (Eks. 16:13, Num. 11:31, 32). In Numeri 11 hoor ons spesifiek dat die Here van wind gebruik gemaak het, soos dit ook in ons teks genoem word. Hy veroorsaak dat die wind opkom. Hy voer dan die kwartels saam met die wind sodat dit in massas by die laer val sodat die Israeliete dit kon optel en eet.

Die volk twyfel of God vir hulle 'n etenstafel in die woestyn kan dek. Hulle twyfel of Hy in die behoeftes van sy kinders, in die behoeftes van sy kerk as geheel, kan voorsien. Nou bewys die Here Hy kan ook die natuur in sy almag daarvoor inspan.

In ons teksvers is daar 'n mooi variasie wat ons nie moet mis nie. Daar word van beide die oostewind en die suidewind gepraat wat die Here laat opkom het. Van die oostewind hoor ons dat die Here dit vanuit die hemel laat uitbreek het. Dit is van hemelse oorsprong. God self is daarvoor verantwoordelik. Die suidewind het Hy deur sy sterkte aangevoer. God doen dit deur sy krag. Hy is sterk genoeg om ook die suidewind in te span om die kos tot op die voorstoep van die Israeliete te bring.

Hy het mag oor al die wind op die aarde en kan hulle van rigting laat verander soos dit Hom pas. Ons hoef nie te twyfel aan sy almag om ons te versorg nie.

*Sing: Skrifberyming 17-1*

*Ds. HG Schutte (Suidkus)*